# Hulp en Hoop

Kwartaal 1

MAART 2020


**KERKKANTOOR**
PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

**Finansieël :**
Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

**Administrasie** :
Anita Hurn
admin@ngpottiessuid.org.za

**Sentrumbestuurder** :
Nanette Strauss-Botha
083 336 9326

**Sterkrivier - Koster** :
Marlane de Bruyn
083 681 0459

**LERAARS**
**Ds Jacques Erasmus**
072 653 9845 /
015 491 3539 (h)
**Kantoor-ure 015 004 2630 (jeughuis)**
jacques@ngpottiessuid.org.za

**Ds Madelein Bakker**
072 605 1113
**Kantoor-ure 015 004 2630 (jeughuis)**
mads.strydom@gmail.com

**BESOEK ONS GERUS OP ONS WEBBLAD**
www.nghulpenhoop.co.za
www.facebook.com/
nghulpenhoopgemeenskapskerk

**GEDENKTUIN NAVRAE**
Besoek die kerkkantoor


## In die uitgawe


Paasfees en die Kruisgebeure 2

Paasnaweekuitreik 2

Kerkjaar kalender 2

Jeug 3

Ekologie - Hoe om 'n spekboom te plant 4

Gemeente foto's 4


## Persverklaring - Koronavirus

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het kennis geneem van president Cyril Ramaphosa se aankondiging op Sondag 15 Maart 2020 oor die verspreiding van die koronavirus in Suid-Afrika.
Die NG Kerk verbind haar aan die president se noodmaatreëls wat getref is om op die doeltreffendste manier maksimaal saam te werk deur haar gemeentes en lidmate op te roep om aan die noodmaatreëlsgehoor te gee.
Daarom is die NG Kerk (met al haar gemeentes, leraars en lidmate) van voorneme om aan die hand van die noodmaatreëls binne haar vermoë alles moontlik te doen om:

- hierdie een kans wat ons het om die verspreiding van die virus te verlangsaam, aan te gryp deur **so vinnig moontlik en so beslis moontlik maatreëls te tref wat sosiale kontak tussen mense sal beperk.**
- lidmate op te roep om die andersoortigheid van die koronavirus te begryp en te besef dat dit nou van ons deernis en buitengewone optrede vra. Deernis beteken nou om sosiale kontak te beperk waar en hoe ons ook al kan.
- haar lidmate op te roep om met **groot verantwoordelikheid en selfbeheersing** op te tree. Daar word van gelowiges wat draers van hoop is, gevra om hulle te weerhou van onverskillige uitsprake (soos dat die uitbraak van die virus 'n voorbeeld van God se straf is of dat dit net sekere persone in die gemeenskap raak).
- lidmate op te roep om te fokus op naastediens en veral weerlose mense te ondersteun.
- 'n beroep op gemeentes te doen **om nie voort te gaan met hulle tradisionele benadering tot die erediens nie,** maar om binne hulle konteks maatreëls te tref sodat die evangelie steeds aan mense verkondig kan word, sonder die samekoms van groot groepe mense.
- lidmate op 'n verantwoordelike manier in te lig oor voorsorgmaatreëls, die eerste oppervlakkige onderskeiding van die simptome van die virus, aanmeldingsprosedures, en so meer.
- lidmate bewus te maak dat hierdie maatreëls getref is aan die hand van **die Wet op Rampbestuur** (Wet 57 van 2002) en dat alle landsburgers verplig is om by maatreëls te hou wat tydens rampgebeure afgekondig word.

*(Uitgereik deur die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Moderamen)*



## LANGDIENS ERKENNING



Baie geluk aan Ds Jacques Erasmus
Daniel Mathobela en Meriam Makgeta
vir 10 jaar diens gelewer

## JUST DEBIT (DO) IT!

Ons wil graag baie dankie sê aan almal wat debietorderbydraes maak aan die kerk.

'n Debietorder is die maklikste manier om vir die kerk 'n bydra te lewer.
Die volgende is die VOORDELE van debietorders:

- Dit word outomaties elke maand aan die kerk oorbetaal.
- Die kerk kan begroot op 'n redelike standvastige bedrag wat elke maande ontvang gaan word.
- Die lidmaat hoef dit net een keer op te stel en hoef nie elke maand 'n 'reminder' op hul foon te stel om die kerk se bydra oor te betaal nie.

Dus hou dit voordele in vir byde partye, as lidmate gebruik maak van debietorders.

Maar die NADEEL van debietorders is dat lidmate nie elke jaar hul bedrag hersien en aanpas nie, daarom wil ons die volgende vra:

- Lidmate wat reeds 'n debietorder het, om hul bydra bedrag te hersien EN
- Lidmate wat nog nie 'n debietorder het nie, om asb. dit te oorweeg.

In albei gevalle hierbo, kontak asb. vir Truly Truter by die kerkkantoor om die nodige vorms te voltooi. Truly kan gekontak word by 015 491 3537 of per e-pos fin@ngpottiessuid.org.za

## WAAROM SING ONS IN DIE KERK

Die meeste kerkgenootskappe bestee vandag ongeveer 'n derde van hul erediens aan gemeentesang en belê 'n aansienlike hoeveelheid tyd, geld, moeite en energie aan hulle musiekbediening. Maar hoekom sing ons in die kerk?

**Samesang help ons om God te prys**
Lofprysing is 'n wesenlike aspek van die Godsverering van die Kerk. Die Bybel (veral die Psalms) moedig ons aan om God singend te loof en te prys. Ons sing tot eer van die Here en ons sing van die Here en verkondig Sy heerlikheid.

**Samesang help ons om te bid**
In die erediens word daar gebid vir 'n wye verskeidenheid sake – ook soms singend. Samesang is 'n vorm van gebed. Die Psalms is weereens vir ons 'n voorbeeld, aangesien 'n groot deel van die psalms gebede bevat. Sang speel 'n kritieke rol om ons te help om die gaping tussen die kognitiewe en affektiewe aspekte van ons menswees te oorbrug. Langs die weg van samesang bid ons ook mekaar die seën van die Here toe.

**Samesang help ons om te verkondig**
Die sing van God se Woord is 'n uiters belangrike en 'n unieke kragtige vorm van 'Woordbediening'. Die Bybel onthul dat die lewegewende woord van Christus onder die volk van God bedien word, nie net deur Bybellees en Bybelse prediking nie, maar ook deur 'psalms, lofsange en geestelike liedere' te sing (Kol. 3:16).

*(Lothar Woehler)*



# PAASFEES EN DIE KRUISGEBEURE

Paassfees kan nie losgemaak word van die Kruisgebeure nie. Paasfees is 'n tyd waarin ons Jesus se lyding baie intens en persoonlik ervaar. Maar dit is ook 'n tyd van vrolikheid en vreugde. Jesus se oorwinning oor die dood word saam met Christene wêreldwyd gevier – én saam met jou huismense.

Die vier dae van Paasfees begin by die Donderdagaand en eindig by Paassondag.

*Hoewel die jaar baie anders sal wees as al die vorige jare tydens die Paasgety. Sê dit nie dat ons as Christene nie kan voort gaan met ons feesvieringe nie.*

Ons gemeente vier **Paasnagmaal op Donderdagaand 9 April tussen 17:00 en 20:00** die diens sal so ingerig word dat u op u eie tyd 'n draai kan maak by die kerk en die nagmaal kan gebruik.

Jy en jou gesin kan ook Paasfees saam vier deur opnuut na te dink oor die blywende vreugde en vrede wat God aan sy kinders deur Jesus gee. Fokus op die lig wat tydens Paasfees deurbreek. Kuier saam tot wanneer die son opkom en praat met mekaar oor die betekenis van hierdie lig in julle lewe. Lees die Paasverhale.

Die lees van Paasverhale kan heel kreatief aangepak word, byvoorbeeld: Laat iemand een van die opstandingsverhale lees en ná elke paar verse die voorlesing onderbreek. In hierdie pouse sê almal hardop saam: "Christus het gesterf. Christus het opgestaan. Christus kom weer. Amen." Dan word die voorlesing hervat, tot by 'n volgende onderbreking. Herhaal hierdie ritueel 'n paar keer.

Die gesinslede kan ook kerse aansteek om besondere momente in die verhaal te merk en te vier. **Byvoorbeeld:**

- Eerste kers: Lukas 24:1-12 – Jesus het opgestaan.
- Tweede kers: Johannes 20:11-18 – Jesus verskyn aan Maria Magdalena.
- Derde kers: Handelinge 10:39-43 – Die opstanding lei tot vergifnis.
- Vierde kers: Genesis 1:1-5 en Johannes 8:12 – God skep lig. Christus is die lig wat na die wêreld gekom het.

Selfs in die middel van al die hartseer en swaarkry wil ons die lewe vier. Ons wil hoop op die ewige lewe wat God deur Jesus aan ons belowe het. Deur dankie te sê, bevestig ons reeds hierdie hoop."

Goeie Vrydag is die dag waarop ons die kruisiging van Jesus Christus herdenk. Op hierdie dag word die kerke gestroop van alle versiering en simboliek. Alleen die beker en die bord is daar om ons te herinner aan christus se bittere lyding.

Stil Saterdag is een dag waarop daar geen rituele voorgeskryf word nie. Op hierdie dag dink ons aan Christus in die graf en daarom is dit 'n dag van stille afwagting


Paassondag met die opkomende son herinner ons elke dag aan Christus se oorwinning oor die dood. Die dominante kleure wit en goud. Kleure van oorwinning en vreugde.

*Die oorwinning is nie 'n private aangeleentheid nie, maar ook 'n openbare saak. Ongelukkig kan ons nie as gemeenskap 'n gesamentlike Sonsopkomsdiens vier soos die afgelope jare nie.*

Ons Leraars sal vir ons 'n opstandingsboodskap aanstuur, sodat ons as gelowiges die vreugde van die opstanding kan vier.

Herinner mekaar aan die nuwe lewe! Eet paaseiers en viers Fees. Hoewel Paaseiers 'n kommersiële Paassimbool geword het, herinner die versierde eiers ons aan nuwe lewe. In kontras met die vas van Lydenstyd, word die oorwinning in paastyd en veral met Paasfees gevier deur allerlei lekkernye te geniet.

Kom ons beklemtoon die glorie van Christus se heerskappy oor die dood deur ons huise te versier met vrolike kleure en blomme




## PAASNAWEEK-UITREIK

AFGESTEL

Gedurende die paasnaweek wat hierdiejaar van 10 tot 14 April plaasvind, ry daar letterlik honderde duisende mense deur die dorp op pad na hulle bestemmings vir die langnaweek.

'n Paar jaar gelede het ons gemeente van die geleentheid gebruik gemaak om uit te reik na die mense wat in die dorp stop.

Die uitreike het nou vir 'n paar jaar nie plaas gevind nie en ons wil graag dit hierdie jaar weer in stel.


Die beplanning is om op Donderdagaand 9 April na die nagmaal na 'n vulstasie te gaan en literatuur aan die mense uit te deel en Bybels te verkoop aan die mense wat so 'n behoefte het. Hierdie gee ons geleentheid om mense te bereik wat andersins dalk nie bereiksou word nie.

Ons beplan om belangstellendes op te lei om effektief tydens die uitreik met mense kontak te maak.

Almal gaan nie vir 'n vasgestelde tyd daar hoef te wees nie en elkeen kan so lank soos dit hulle pas deel neem.

Hierdie is die ideale geleentheid omsaam met ander mense uit jou gemaksone te kom en 'n verskil te maak.

Belangstellendes kan hulle inligting by die kerkkantoor laat, dan sal ons met u kommunikeer.



## JA AANDE

Die JA Aande se opkoms is ongelukkig nie baie goed op die oomblik nie. Daar is so gemiddeld 10 kinders, maar ons geniet dit steeds. Tydens die aanddienste gesels almal lekker saam en die kuier en aktiwiteite daarna word wel baie geniet.

Ons het ook 'n baie suksesvolle Valentynsdiens gehad. Elkeen het 'n piekniek-mandjie en kombers gebring.





## KLIEDERKERK / Gesinsdienste

Ons het hierdie kwartaal al 'n paar kinderdienste gehad en ons het gevind dat die kinders baie opgewonde is oor die Kliederkerk. Ons het nog net vir Blapsie en Hes gesien hierdie kwartaal, want Frikkie was baie besig met sport en kon ongelukkig nog nie kom kuier het nie. Daar was ook 'n opvoering gedoen vir die kinders om te verduidelik hoe God elkeen wil gebruik. Die kinders geniet ook al die nuwe liedjies wat hulle aanleer.





## JEUG KLEINGROEPE

### (Kategese)

Dit gaan baie goed met die junior kategese. Die bywoning het bietjie afgeneem gedurende die kwartaal, veral die jonger kinders (Gr. 1 tot Gr. 3). Baie goeie terugvoer vanaf Kategete is ontvang vir die houers met alle benodigdhede vir die lesse.

Dit gaan baie goed met die senior kategese. Alle hoërskool leerlinge Gr.8 tot Gr.10 het kategese in die jeughuis.

## Speletjiesmiddae

Speletjiesmiddae het die jaar afgeskop op Vrydag 31 Januarie 2020. Ons het springkasteel gehad en daar was so 28 baie besige kinders.





'n Fliekmiddag is ook gehou i.p.v speletjies – ons het Toy Story 4 gekyk en lekker popcorn geëet. Tot dusver het ons twee byeenkomste gehad en die opkoms was baie goed. Ons nooi graag alle junior jongmense (voorskool - Gr 7) om saam met ons te kom deel in die prêt!





# WIMPY GHOLFDAG

*ten bate van*

**DIE JEUGBEDIENING**

**VAN NG HULP EN HOOP GEMEENSKAPSKERK**

**Donderdag, 7 MEI 2020**

*Sal u asseblief oorweeg om op een van die volgende drie maniere te borg:*

1. *'n putjie te borg teen **R1000** (gewone putjie) / **R1500** (prime spot)*
2. *'n 4 bal in hierdie "4 bal alliansie" kompetisie te borg teen **R2000***
3. *'n kombinasie van opsie 1 en 2 te borg teen 'n goedkoper tarief, nl. **R2500** (gewone putjie + 4 bal) / **R3000** (prime spot + 4 bal)*

*Aandete vorm deel van die opsies wat 'n 4 bal insluit. Indien u 'n putjie sou borg, kan u by daardie putjie adverteer.*

NAVRAE : Jas Hansen 082 092 2059
De Wet Kruger 082 444 4703 of
Ds Madelein Bakker 072 605 1113.

**BANKBESONDERHEDE** ABSA Bank Rek : 121 058 0839 Tak: 334348
NAAM VAN REKENING: NG Gemeente Potgietersrus-Suid ***(merk asb DUIDELIK – Gholfdag en jou naam)***

*PLANT 'N SPEKBOOM (Portulacaria afra) EN MAAK 'N VERSKIL*

*Ons gemeente is vandag (23 Maart) 34 jaar oud. Ons loof en dank die Here vir soveel geseënde jare*

## HOE OM 'N SPEKBOOM TE PLANT

Soos ons almal weet is spekbome n plant wat van groot omgewingswaarde is. Om hulle te plant of om steggies te maak en te groei is baie maklik. Hier is die stappe oor hoe om hulle uit te plant en van steggies af te groei.

**Om 'n spekboom uit te plant:**

*Stap 1:* Maak 'n gat in die grond bietjie-groter as die houer of sakkie waar die boompie in is in die grond.

*Stap 2*: Gooi bietjie sand en bemesting of kunsmis in die gat maar los genoeg-spasie om die plantjie met sy gronddaar in te plant.

*Stap 3:* Haal die plantjie uit sy sakkie of potjie en sit hom met sy grond in die gat en druk die grond bietjie vas maar nie te hard nie.

*Stap 4:* Hou die grond klam vir 'n paar dae sodat die grond kan set en dan sal hy sterk wees en self begin groei van reënwater of om so 1 na 2 keer per-maand nat gegooi te word.

Kies 'n area om jou spekboom te plant wat hoofsaaklik die hele dag son kry maar 'n uur of 2 koelte het.

**Om 'n spekboom steggiete plant:**

*Stap 1:* Sny 'n tak van 'n spekboom af.

*Stap 2:* Breek die blare af van die onder-ste deel van die tak maar los genoeg blare aan die bo-kant.

*Stap 3:* Maak'n pot vol potgrond en-meng bietjie kompos en bietjie sand-daarin.

*Stap 4:* Druk die steel van die spek-boomtakkie in die grond in, so halfpad van die onderkant af na die blare toe. Dit sal maak dat die wortels lekker diep groei.

*Stap 5:* Hou die grond klam deur dit elke 2-3 dae water te gee vir die eerstemaand en daarna net 1 of 2 keer permaand.

Plaas die pot op 'n plek waar dit so 80% van die dag gaan son kry.



